

# Hoe om daaglik Covid-19-sifting te doen

## Hoekom is dit nodig dat ons daaglik sifting op kinders en personeel doen?

Covid-19 is veral gedurende die eerste paar dae aansteeklik, wat beteken dat selfs iemand wat nie siek voel nie die siekte kan oordra. Daarom is dit belangrik dat mense met ligte simptome tuis bly en kontak met ander mense vermy.

## Wat beteken daaglikse sifting?

Daaglikse sifting beteken om elke dag dieselfde vrae vir kinders en personeel oor hul gesondheidstoestand te vra voordat jy hulle toelaat om die area te betree. Indien jy meer as een sessie per dag hou, moet jy dit voor elke sessie doen.




## Die opstel van 'n area waar mense kan wag

- Werk uit waar dit die veiligste is vir ouers en kinders om buite te wag om gesif te word (maak seker dat dit nie naby verkeer is nie).
- Sit 'n kennisgewing op om aan te dui waar die ry is.
- Gebruik stokke, toue, klippies of merkers op die grond om elkeen se plek in die ry aan te dui (daar moet ten minste 1,5 meter tussen elke plek wees, wat ongeveer 2 groot tree is).

## Stel jou siftingstasie op

- Vind 'n plek by jou ingang waar jy elke dag die sifting kan doen. (Daar moet 'n afstand van ten minste 1,5 meter tussen jou en die ouer wees wanneer jy die siftingsvrae vra.)
- Die siftingstasie moet naby 'n handewas stasie wees, sodat kinders dit kan gebruik voordat hulle ingaan.
- Indien jy die enigste volwassene by jou program is, moet daar 'n veilige plek wees waar jy die kinders wat alreeds gesif is, kan dophou terwyl jy die res van die kinders sif.
- Jy benodig die volgende om jou sifting stasie voor elke sessie op te stel:
  - Sit jou masker op.
  - Hou jou siftingslys met vrae gereed.
  - Hou 'n kontaklose termometer gereed (indien jy een het).

Onthou, die daaglikse sifting van kinders en personeel help ons om Covid-19 te monitor!



## Stappe om te volg vir daaglikse sifting

- 1 Vra die ouer en kind wat voor in die ry staan om vorentoe te kom.
- 2 Vra vir die ouers of hulle die oggend hul kind gesif het. (Indien nie, herinner hulle om dit elke dag te doen voordat hulle die huis verlaat.)
- 3 As jy 'n kontaklose koorspen het, neem die kind se temperatuur.
- 4 Vra vir elke ouer die siftingsvrae hieronder. (Indien die kind deur iemand anders na die program toe gebring word, moet die ouer seker maak dat hulle hierdie inligting kan deurgee.)

### Vrae wat vir elke ouer of versorger gevra moet word

- Dink jy jou kind het 'n hoë koors?
- Het jou kind 'n nuwe hoës?
- Het jou kind gekla oor 'n seer keel?
- Toon jou kind enige tekens van kortasem of probleme met asemhaling?
- Het jou kind vir jou gesê of gekla dat hy/sy nie iets kan ruik of proe nie?
- Het enigeen van jou huismense enige van dié simptome?
- Het jy of jou kind in die afgelope 14 dae enige kontak met iemand gehad wat vermoedelik of beslis Covid-19 het?

- 5 Indien die kind 'n koors **hoër as 38°C** het en die ouer op enige vrae **'ja'** antwoord:
  - Vra die ouer om die kind huis toe te neem
  - Beveel die ouers aan dat hul hele huishouding tuis bly.
  - Sê vir die ouers om hul naaste kliniek of Noodhulplyn by **0800 029 999** vir advies te skakel.
  - Sê vir die ouers dat hul kind nie mag terugkeer na die program nie, tensy hulle 'n doktersbrief het of bewyse dat die kind negatief toets vir die Koronavirus.
- 6 Indien die kind 'n temperatuur **onder 38°C** het en die ouer **'nee'** op al die vrae geantwoord het:
  - Vra die kind om na die handewasstasie te gaan en sy/haar hande te was of handsaniteerder te gebruik (jong kinders het moontlik hulp nodig).
  - Sê vir die kind waar om te wag. (Maak seker dat jy die kind kan sien of dat daar 'n ander personeel is wat toesig kan hou terwyl jy die sifting doen.)

Iemand met 'n hoë koors voel gewoonlik baie warm of baie koud. Hulle mag bewe, sweet of kla van lyfseer.